# Die DROOMGENOOT

## LENTE 2022

droom
DIENS AAN RIVERSDAL
& omgewing

# Die DROOMGENOOT

*Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,*

*"Dis heerlike lente, die winter is verby,*
*Weer nodig die velde vir jou en vir my"*

*Dit is wat ons veronderstel is om te sing, maar hier in die Kaap bly dit maar koud. Daar is seker 1 uit 7 dae waar 'n mens die dik trui/jas kan los, maar vir die res…….. steeds WINTER!*

*Ek hoop dit gaan goed met almal. Met my gaan dit baie goed, die Veldsman-familie het nog 'n pragtige babaseuntjie ryker geword. Dit is so lekker om nou weer 'n sagte baba-lyfie vas te hou. Dit laat my sommer vergeet van hartseer, trane, probleme, ens. Die begin van 'n nuwe lewe sal altyd vir my 'n wonderwerk bly.*

*Vandag is ek half hartseer oor mense se optredes. Dit voel soms asof ons altyd moet verander om by ander in te pas. Hoekom moet ek my leefstyl verander om ander tevrede te stel? As ek net rustig wil TV kyk en huil omdat Getroud met Rugby nie meer uitgesaai word nie, is dit mos maar eintlik my keuse?*
*Hoekom pla dit iemand as ek besluit ek wil nie vandag kerk toe gaan nie, maar eerder rustig by die huis bly? Hulle besef nie ek staan elke oggend 4:30 op om te gaan werk nie, nie omdat dit vir my lekker is nie, maar omdat ek moet.*

*En toe, nadat ek nou met al die vrae gesukkel het vanoggend, lees ek die volgende woorde – I am enough the way I am!*
*Dankie Here dat u vir my weereens laat weet het dat ek genoeg is. Dat ek nie ander se guns hoef te wen en myself hoef te verander nie. Dat ek my lewe kan leef na die beste van my vermoë en dat U altyd daar sal wees om my te help.*

*Groete, bly jouself en bly gesond*

*Lise Veldsman*
*Tel: 082 776 2595*
*Faks: 086 6133 804*
*E-pos: lise@droomriversdal.co.za*

*EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is*



# UIT DIE BAAS SE STOEL

Dagsê,

Ons kan met reg sê dat die Winter gebreek is. Nog bietjie koud in die oggend, maar die dae is heerlik.
Die afgelope kwartaal het dan ook sy eie seisoene gehad. Eers was dit die basaar wat ons weer na twee jaar kon hou. Wat 'n fees was dit nie. Die mense het omtrent gekoop, ge-eet en gekuier. Hulle was behoorlik uitgehonger vir geselskap. Afgesien van die baie mense, was ons inkomste min of meer dieselfde as in die verlede. Ons kon agterkom dat die ekonomie en Covid baie van ons donateurs seergemaak het. Alhoewel hulle steeds 'n oophand gehad het, was hulle bydraes beperk. Ons is nogtans baie dankbaar vir ons omgewing en sy mense.
Dinge het net begin verbeter na die verslapping van die Covid inperkings, toe word ons hard geslaan deur 'n brand wat in Ou meule ontstaan het. Wat 'n aaklige en traumatiese insident was dit nie. Ons het een inwoner aan die dood afgestaan, Japie van Rensburg. Of "Oom dankie" soos hy bekend was. Ons innige meegevoel aan sy familie en vriende. Ons kosbare inwoner en die persoon wat oor alles wat hy ontvang het dankbaar was, is van ons weggeruk. Jou woordeskat was in die laaste tyd beperk tot die woord "Dankie", maar dit het ons ook nederig gehou. Ons gaan jou mis Oom Japie. Ek wil 'n opregte dank rig aan almal wat ons bygestaan en gehelp het deur hierdie trauma. Ek kan nie mense uitsonder nie, daar was so baie. Al is dit hulp of bemoediging of selfs bydraes – ons waardeer julle. Aan ons brandweer en buurtwaglede – hou so vol met die goeie werk.
Ons projekte om ons plek te opgradeer lyk pragtig. Ons is wel bietjie gehalt, maar weldrae sal dit voortgaan. Ons jaarlikse oudit is afgehandel en weereens was dit 'n puik prestasie.
Toe kom ons Algemene Jaarvergadering. Wat 'n aand was dit nie. Na die normale dinge wat afgehandel moes word, was daar drie oorkondes gegee aan brandweerpersoneel.
Van die Droompersoneel het toekennings ontvang en daarna was verskillende soppe en brood aan die beurt. Die Vermaak, met sang, was uit die boonste rakke waarna Anthony Noble ons vergas het met sy skilderkuns terwyl hy 'n geestelike boodskap oordra. Hierdie was die hoogtepunt van die aand.
Baie dankie aan almal wat deelgeneem het.

Groete van die kantoor

Chris Veldsman




***SOSIALE BYEENKOMSTE***

Op ‘n geleentheid het iemand vir my genoem dat wanneer mens verby die Tehuise sou ry, dan kan dit voorkom asof daar niks ‘gebeur’ nie, let wel, dit lyk asof daar niks ‘gebeur’ nie omdat Inwoners graag buite sit en ‘voor hulle uitstaar’ maar dis egter die teendeel (want agter die skerms is dit ‘n miernes van bedrywighede).

Met die aanbreek van Lente is daar weer ‘n ekstra huppel in die stap want Lente beteken die saligheid van langer sonskyndae met warmer temperature. Dit beteken ook dat aktiwiteite weer buite aangebied kan word.

Gedurende Augustus het die eerste kegelbal wisseltrofee kompetisie plaasgevind in die Droomsaal en het die Leefreg/Woonstel span met die louere weggestap. Die wisseltrofee wat op die spel is, gee daardie ekstra ‘bytkrag’ aan die kompetisie, wat nodig is vir deelnemers om hulle beste te wil gee.

Vanoggend (21 September) het die Leefreg/Woonstel Inwoners weer met die wisseltrofee weggeloop toe hulle die jukskei kompetisie teen die Jan Lange span naelskraap gewen het (oom Lou Wiid het hulle pyn versag deur te noem dat die Jan Lange span net tweede gekom het!!)





Ds André Jordaan kom bied kwartaalliks die gewilde Woord Wakker geestelike speletjie aan, Bybelkennis ineengevleg met slangetjies & leertjies.  Ek moet egter 'n waaksame oog hou, want so loop die storie graag dat senior burgers verkul met speletjies, en dis nie die ergste nie. As hulle dan nog uitgevang word, dan sien hulle 'rooi' en is uiters parmantig.  Film vertonings word weer eenmaal 'n maand vertoon, volgens Inwoners se keuse en smaak.
Vrywilligers bied deurentyd ondersteuning van onskatbare waarde.  Veral in gevalle waar die Sosiale koördineerder op twee plekke benodig word en dan kan 'oorgee' aan 'n Vrywilliger met die wete dat alles in orde sal wees.  Met die geleentheid wil ek graag vir Mnr Jannie Wessels uitsonder. Jannie is ons nagtelike vrywilliger (Skim) wat net duskant Heidelberg bly


en Maandae aande deurry om "knuffel' vir die Jan Lange Inwoners te kom aanbied vanaf 18:30.  Jannie…. baie dankie!






Die gemeenskap se betrokkenheid bly hoogty vier, veral met Mandela-dag toe Riversdal se burgermeester, Mnr Grant Riddles & Raad, beide Tehuise kom besoek het.  Dit was mooi om te aanskou, veral vir die Bejaardes!
Ongelukkig het die brand wat in tehuis Ou Meule uitgebreek het, die oggend van die 12de Augustus, 'n demper kom plaas op almal se gemoedere.  Veral met die afsterwe van een van tehuis Ou Meule se geliefde Inwoners, Oom Japie van Rensburg en van die paar Inwoners wat gehospitaliseer was, was dit 'n bitter pil om te sluk.  Daar was egter nog steeds rede tot groot dankbaarheid vir wat kon gebeur het en die

baie lesse wat geleer was.  Ook hier het die Riversdal gemeenskap laer getrek, wat deur baie as verstommend beskryf is!  As gevolg van die beskadiging van die Ou Meule sitkamer, is aktiwiteite wat daar sou aangebied word nou verskuif na die Sonkamer op die 1ste vloer met kamerbesoeke wat weekliks plaasvind.



Donderdae-dienste wat in die Ou Meule sitkamer plaasgevind het, sal voortaan in die Pensioen Put eetsaal plaasvind vir die Leefreg/Woonstel Inwoners.  Vir die Ou Meule Inwoners sal daar eenmaal 'n maand 'n Dinsdagdiens in die Sonkamer aangebied word met kamer- en bedbediening vir die Inwoners wat nie na die Sonkamer toe kan kom nie.



Die Algemene Jaarvergadering (die ware Jakob en nie die Covid-19 weergawe nie) het die jaar op 5 September weer plaasgevind na twee jaar se afwesigheid en salf aan die Ou Meule brandwonde kom smeer. Dit was 'n hartlike, heuglike en geseënde aand, veral met twee gaskunstenaars: Soekie met sang en Anthony Noble met sy kunstenaars vernuf wat almal kom bederf het.






Tydens die skrywe van die Lente Droomgenoot, is Kersfees net 'n skrale drie maande ver.  My mede fietsryers sê graag vir my 'ek ruik stal' wanneer die einde van 'n wedren nader en ek al hoe vinniger trap. Miskien is dit nog te vroeg om aan Kersfees te begin dink, maar aai tyd vlieg darem en deesdae voel dit asof met 'n hommeltuig…

Ons praat weer padlangs, mooi loop….

# VONKE UIT DIE VUURKLIP deur Mnr J Oosthuizen

## KYK NOU, SO 'N BAKKIE!

Oom Kerneels het jarrre en jarrre op Kwaggasbult geboer totdat hy, na jare se onwillige oorweging, op streng voorwaardes die boerdery aan Klein Kerneels oorgegee het. Klein Kerneels moes huis bou want oom Kerneels se huis was die huis waar hy desjare eerste lewenslig in die stoepkamer aanskou het.

Soos dit hoort, het hy sy eie slaggoed behou, sy tuingrondjie is omhein en in 'n skuurtjie kon hy al sy goete bêre. Jukke en stroppe, swepe, spantoue en osrieme, kettings, draadtrekkers en rolletjies binddraad. Die roomafskeier en die botterkarring het in die hoek onder 'n seiltjie gestaan. Heel agter was 'n stertploegie, 'n operder, 'n skoffelploegie, 'n planter en 'n tandeg. Daar was skoffelpikke, harke, kielpikke, koevoete, waterleigrawe, skopgrawe en harke, netjies teen die muur op hulle plekke. Teen die muur het sekels, treksae en boogsae gehang. In die een hoek was 'n disselpik en 'n trog wat met einste disselpik uitgekap is. Dit was sy heiligdom waar hy sy pyp skoongemaak, gestop en dan op oupa Sterk Piet se riempiesmatstoel behaaglik sit en rook het. Sy, tot die dood toe getroue worshond, Voertsek, het altyd by sy voete gelê.

Ou dominee se raad aan oom Kerneels om na al die jare tot ruste te kom en die boerdery aan sy seun oor te laat, het vrugte afgewerp. Aanvanklik was hy onthuts en smoorkwaad om die boerdery aan 'n bogsnuiter oor te laat, maar ou dominee het 'n slag gehad om oom Kerneels liefdevol en taktvol tot aanvaarding te lei. Die ding wat die deurslag gegee het, was die versekering dat hy sy Vaaljapie kon behou om sy grondjie te bewerk.

'n Ander stuk van sy lewe was sy dertigjaaroue Toyota bakkie met 'n halfmiljoen kilometer op die klok. Dit was 'n netjiese bakkie en as die sleutel gedraai is, het hy gevat en oom Kerneels kon ry. Op die linker- en regter sitplekke was skaapvelle en in die middel 'n bokvel vir Voertsek. Oom Kerneels het van sy bakkie as Neelsie gepraat en as hy so 'n ruk toe gestaan het, het hy binne na pyprook geruik.

Vrydae was dorptoegaandag. Tant' Grieta, Voertsek en hy het net na brekfis pad gevat dorp toe. Hy het tant' Grieta by die lapwinkel afgelaai, haar vir twee ure die vryheid van die dorp gegee en dan het hy koers ingeslaan. Bank toe, kopperasie toe, poskantoor toe, kerkkantoor toe en dan ou Isaac se negosiewinkel toe, tot hulle mekaar dan op gegewe tyd daarna, by die Koffiehuis ontmoet het. Hulle het daar op die stoep gesit en koffie drink, want daar mog hy sy pyp in vrede aansteek en rook. Hy't goedig gelag as tant' Grieta onder protes die blou rookwalms weggewaai het.

So het dit vir jare aangegaan maar die jare het ook met oom Kerneels aangestap en sy bestuurvermoëns het mettertyd afgeneem. Tant' Grieta het dit eerste agtergekom. Daar was benoude oomblikke en noue ontkomings en al wat sy kon doen was om benoud "Kerneels!!" of "My man!!" uit te roep. Dit was net genade dat niks ernstigs gebeur het nie. Oom Kerneels was salig onbewus van enige vrese vir moontlike botsings.

Die ding het lelik skeefgeloop toe die dorp se enigste verkeersman vir Klein Kerneels eenkant toe geroep het. "Jong dit gaan oor jou pa en dis vir my 'n sleg ding," het hy

begin terwyl Klein Kerneels skewekop staan en luister het. "Jou pa is 'n geliefde man in die dorp maar soos hy deesdae bestuur gaan hier nog 'n lelike ding gebeur. Julle sal maar plan moet maak anders sal ons sy lisensie moet intrek." Dit het moeilikheid gespel.

Laat die middag het Klein Kerneels oorgestap na sy pa-hulle se huis toe. Tant' Grieta was al ingelig oor die rede vir die koffiedrinkery en sy was merkbaar onrustig. Klein Kerneels het met die deur in die huis geval: "Pa, hier't nou 'n sleg ding gebeur en ek moet nou maar praat." Oom Kerneels was merkbaar onthuts en wou weet: "Nou wat vir 'n ding het nou gebeur om oor te praat?" Klein Kerneels het ongemaklik na sy ma gekyk en toe met die hele sak patats vorendag gekom: "Pa, Piet Spietkop het vir my gesê dat pa deesdae in die dorp 'n gevaar op die pad is en dat hy dalk pa se lisensie sal moet intrek. Pa is darem ook nou-al diep in die tagtig."

Dit het gelyk of oom Kerneels wou verstik van ontsteltenis! "My magtag, ek dryf nou-al orie sestig jaar en het nog nooit 'n ongeluk gemaak nie en nou dreig hy om my liksêns af te vat! Twak man! Hoekom vat hy nie jou liksêns af nie? Het jy nie nou die dag met die foun teen jou oor agteruit in 'n kar vasgery nie, maar hy wil my liksêns afvat! Wie's nou die gevaar? Ek of jy?" Met die wind so effens uit sy seile het Klein Kerneels teruggetree, maar hy het die stang vasgebyt. "Ja, pa is reg en dit het my 'n klomp geld gekos. Maar wat Piet Spietkop betref, gaan dit oor pa! Pa se eie, en ander se veiligheid. Dit gaan niks help om hardekwas te wees nie want die wet is aan Piet se kant." Oom Kerneels se blus was skielik uit en met vogtigheid in sy oë het hy berg se kant toe gestaar. Tant' Grieta het liefdevol sy vereelte hand in hare gevat en met deernis na hom gekyk.

Daar was 'n lang ongemaklike stilte voordat oom Kerneels verwese begin praat het. Stadig, met 'n krakerige stem en lang tussenposes: "Ja, ... dis mar goed so. ... Ek raak oud, ... en orie muur. ... Sê jy vir Piet Spietkop ... ek en jou ma ry Vrydag die laaste keer dorp toe en ek wil hom nie daar sien nie. Dan kan jy die sleutel by my kom vat, want dan het ek klaar gery." Hy het vir Voertsek geroep en toe het hy skuur se kant toe gestap, waar hy gebly het tot tant' Grieta vir ete geroep het.

Toe Vrydag aanbreek, is hulle soos gewoonlik dorp toe. Tant' Grieta het haar lope geloop en oom Kerneels het vir oulaas sy draaie gery met die uitsondering dat hy, vir sy eie goeie rede, 'n draai by die prokureur gaan maak het. Soos altyd het hulle by die Koffiehuis gaan koffie drink en daarna is hulle huis toe.

Terug op die plaas en teen die verwagting in, het oom Kerneels voor Klein Kerneels se huis gaan stil hou. Sy seun het hom tegemoedgestap en vriendelik gegroet, maar sy pa was nie lus vir kuier nie. "Kerneels, jy hoef nie die sleutel by my te kom vat nie. Hier is hy, ek gee hom vir jou. Nie net my sleutel nie maar ook my trots en my vryheid!" Klein Kerneels wou nog walgooi: "Maar Pa, Pa kan mos nog hier op die plaas rondry en selfs na oom Stolla toe," maar sy pa was so half veglustig: "Nee, ek mag mos nie meer dryf nie, maar loop kan ek loop en loop sal ek loop! Daarvoor het ek nie 'n liksêns nodig nie."

Toe hy omdraai om huis toe te stap, het hy in tant' Grieta se oop arms ingestap en dit het het die gewensde uitwerking gehad want hy het haar ook omarm en toe het sy liewe vrou getroos: "My ou man, my hart is net so seer soos joune, maar ek en jy het

nog vir mekaar en nou moet ons vorentoe. Ek sal altyd by jou wees." Die innigheid van haar woorde het die nodige uitwerking gehad.

Later die aand, nadat hulle Boeke gevat het, was tant' Grieta so 'n bietjie besorg oor die lopery: "Kerneels, die lopery is nie 'n goeie ding nie. Hoe lank gaan jy hou. Jou ou kniege wil ok nie altyd meer nie. Hoekom vat jy nie die Vaaljapie en ry waarheen jy wil nie? Sommer na Stolla en ou Piet Kitaar toe ok!" Dit het oom Kerneels se oë laat blink en sy opgewondenheid was duidelik: "Kyk nou! Nou praa' jy! Daaraan het ek nie kon dink nie. Nog te moerig. Maar wat dan van jou? Sy het goedig gelag en hom gerus gestel: "Nee jong, jy's die een wat rondkerjakker. Jy en Voertsek! Ek is mos op my gelukkigste in en om my huis en kombuis. En Kerneels sal ons dorp toe vat as dit moet." Oom Kerneels het net so 'n snork van verontwaardiging gegee en toe goedig geglimlag.

Die dae het gekom en gegaan en met verloop van tyd het alles na, jy kan maar sê, normaal teruggekeer. Tot eendag. Klein Kerneels, skoondogter Anna-Mart en tant' Grieta was Landbou-uniekongres toe waar tant' Grieta 'n erepenning sou ontvang vir vyftig jaar getroue diens en waar Klein Kerneels kon gaan kwyl oor al die nuwe trekkers en landboutoerusting. Oom Kerneels was nie lus vir al die moderne fieterjasies nie en het tuisgebly.

Hulle was skaars weg toe oom Kerneels 'n ding in sy kop gekry het. Onder in sy bêrekissie was daar 'n Toyotabakkiesleutel … Dit was 'n geval van nou of nooit. 'n Goue geleentheid wat nie deur die vingers moes glip nie. Sleutel in die hand en so gelukkig soos 'n seun met 'n kettie om die nek wat sy pa se bakkie 'leen', het hy triomferend agter die stuur ingeskuif. Die battery was papperig en die bakkie het net-net gevat. Hy het soos vanouds tot langs die huis gery en so op die afdraendjie gaan stilhou, net vir ingeval die battery dit nie sou maak nie.

Terwyl Voertsek opgewonde in die bakkie gewag het, het sy oubaas net gou sy pyp en twaksak gaan haal. Terug in die bakkie het hy die sleutel gedraai maar die battery het dit nie gemaak nie - net 'n gehô-hô-hô. Dit was vir oom Kerneels nie 'n probleem nie. Net 'n stootjie, tweede rat en die 'klatsj' los! Daarom het hy op die afdraendjie stilgehou maar toe hy die handbriek losgemaak het, wou die bakkie nie loop nie. Dat daar niemand was om 'n stootjie te gee nie, was nie 'n probleem nie. Met die rathefboom in neutraal, kon hy self 'n stootjie gee en dan inspring en die res doen.

Oom Kerneels het die stootjie gegee maar die ou bene het dit nie gemaak nie en daar trek die bakkie! So 'n vyf tree verder het Voertsek vreesbevange uitgespring en saam met sy oubaas gestaan en kyk hoe die bakkie koers gekry het. Dit was 'n verstommende spektakel. Dit het kompleet gelyk of die bakkie bokspring! Oor die klippe, miershope, deur die draadheining, oor die die kontoerwal en toe met 'n boog tot teen die kraalmuur, waar die bakkie hom in sy muur ingeval het.

Dit was vir oom Kerneels 'n gatslag. Verstom en verslae het hy lank staan en kyk en toe afgestap tot by die bakkiewrak. Met 'n gesukkel het hy al sy goete uitgehaal en in sy skuurtjie gaan bêre. Toe't hy vir die Vaaljapie gaan 'vertel' van sy groot skade.

Dit was al donker toe Klein Kerneels-hulle by die huis aangekom het. Vroegoggend het oom Kerneels besoek gehad: "Môre Pa. Is Pa reg? Hoe gaan dit?" "Ja, wat laat jou dink ek is verkeerd? Dit gaan goed en ek gaat goed aan." "En die bakkie? Lyk my pa

het met die bakkie gery." "Nee, ek het g'n!" "Maar Pa, hoe het die bakkie teen die kraalmuur beland? Pa moes …" "Man hy't self daar beland! Lyk dit vir jou of ek in 'n ongeluk was?" "Maar pa die bakkie kon tog nie op sy eie …" "Kerneels nou krap jy nie verder waar dit nie jeuk nie. My bakkie het self gekies waar hy wou loop lê! Net soos ek en jou ma gekies het om daar onderkant die dam onder die akkerboom, wat jou oupa geplant het, te gaan rus. Nou rus my bakkie waar hy wil wees. En jy los hom net daar! Net daar, seg ek!"

Kerneels het sy pa geken en nie verder gekrap waar dit nie jeuk nie. Daar is gewonder en bespiegel. Die aand na Boekevat het tant' Grieta, dankbaar maar bewoë vertel van die oorhandiging van die erepenning. "My man, ek het nie geweet ek het so baie gedoen nie. Hulle het gepraat van goed wat ek al lankal vergeet het!" Oom Kerneels het haar hand gevat en saggies gepraat: "Ek ken jou al orie sestig jaar en nog nooit het iets vir jou hande verkeerd gestaan nie. Hulle kon nie gejok het nie." Daar was 'n lang veelseggende stilte en toe is daar saggies gefluister: "Ag, ek is so dankbaar dat jy nie iets oorgekom het en seergekry het nie." Nog 'n stilte en toe: "Ek is so bly jy's veilig terug. Hier by jou ou man."

Die lewe op Fluitjiesrietpan het rustig aangegaan. Oom Kerneels en Voertsek op die Vaaljapie of in die skuurtjie, tant' Grieta in haar huis en tuin en Klein Kerneels op die saailande. Daar was rus en vrede en daar's nie gekrap waar dit nie jeuk nie. Ou dominee het gereeld kom kuier en dan het hulle lang murgbene uitgestamp en mekaar herinner aan langvergete lief en leed.

Eendag het Ou dominee met 'n spesifieke doel kom kuier. Soos altyd het dit oor koeitjies en kalfies gegaan, maar toe wou Ou dominee weet: "Kerneels, voor ek of iemand jou begrawe wil ek weet hoe het daai bakkie in die kraalmuur ingedons!" Oom Kerneels het uit sy maag uit gelag en opgestaan. "Nou maar kom ons gaan rook 'n pypie in die skuurtjie en dan vertel ek jou sodra Grieta die koffie gebring het."

Hulle is skuurtjie toe. Hy op sy stoel, Voertsek by sy voete en Ou dominee op een van die hooibale. Die pype is teen die skoene uitgeklop, gestop, aangesteek en toe die eerste blou dampe uitgeblaas is, het tant' Grieta die koffie ingedra. Ou dominee kon nie meer wag nie. "Vertel nou eers, Kerneels!" en toe begin oom Kerneels: "Julle vrek as julle oorvertel en as iemand die storie hoor sal ek weet waar dit vandaan kom." Hulle het plegtig belowe.

Oom Kerneels het die storie ver gaan haal en in die fynste besonderhede vertel. Of hy aangedik het, sal net hy weet, maar hy en sy twee luisteraars het geskaterlag en naderhand net nog meer gelag, juis omdat hulle so lekker gelag het. Skielik het Klein Kerneels in die deur gestaan: "En die gelag? Ons hoor julle daar van ons huis af!" Ou dominee het eerste tot verhaal gekom, met sy wit sakdoek die lagtrane afgevee en steeds laggend verduidelik: "Ai man, om ons jonk te hou, vertel ons mekaar van al die poetse wat ons gebak het toe ons nog regtig jonk was!" Tot vandag toe wens Klein Kerneels hy kon weet waaroor hulle regtig so lekker gelag het … Sou hy ooit regtig weet?

Tot 'n volgende keer……………………..




## UIT DIE VERPLEEG AFDELING

Ja, en so breek 2022 se lente aan. Om te dink verlede jaar dieselfde tyd het Oom Cyril ons inperking tot vlak 2 verlaag. Almal was so opgewonde dat daar uiteindelik meer mense op ‘n slag kerk toe kon gaan. Inentings is nog nie heeltemal finaal afgehandel nie. Die eerste “booster” inenting is ook al intussen gegee en ons is besig om die tweede booster te gee. Nie al die inwoners wil die tweede “booster” ontvang nie – maar dit bly hulle eie keuse.

Al is daar soms slegs een of geen positiewe gevalle in Riversdal nie, moet almal steeds paraat wees om infeksie te voorkom. DIT SAL ALTYD BELANGRIK WEES OM MENSE DEURENTYD BEWUS TE MAAK VAN DIE NOODSAAKLIKHEID OM INFEKSIEBEHEER TE ALLE TYE TOE TE PAS, AANGESIEN HIERDIE VIRUS NOG BAIE JARE MET ONS SAL WEES.

**DIE BELANGRIKSTE VOORKOMING IS INFEKSIEBEHEER**:

**Handewas en handontsmetting met saniteerder**

- Personeel en inwoners word aangemoedig om hulle hande met seep en water vir ten minste 20 sekondes te was of om die hande met ‘n alkoholbasis (ten minste 70% alkohol) te spuit.
- Hande moet gewas word sodra daar aan ‘n persoon gevat is, na toilet gebruik, voor etes en veral as die persoon genies of gehoes het.
- Handsaniteerders is by alle ingange en uitgange geplaas, op alle skoonmaaktrollies, linnetrollies, asook in die eetsale. Die personeel en inwoners word aangemoedig om dit gereeld te gebruik.
- Kliniese personeel moet die volgende WHO se 5 “Moments for Hand hygiene” nakom -

- Voordat 'n inwoner aangeraak word.
- Voor enige aseptiese of skoon prosedures.
- Nadat hulle blootgestel is aan enige liggaamlike uitskeiding.
- Nadat hulle 'n inwoner hanteer het, en
- Nadat hulle aan enige onmiddellike area van die inwoner geraak het.

o Dit werk die beste om jou hande met gewone seep en lopende water te was, want die virus word vernietig en van jou hande afgewas.

**1. Hoekom moet ons 'n afstand van mekaar behou?**

Behou 'n afstand tussen jouself en ander mense om die kans te verminder dat die koronavirus versprei. Bly ten minste 1,5 meter weg van ander mense.

Wanneer 'n persoon met koronavirus hoes of nies, laat hulle die virus vry op oppervlakte en in die lug.

Jy kan die virus kry as:

- Jy aan hierdie oppervlakte raak en dan aan jou gesig, oë, neus of mond raak, of
- Jy noue kontak (1,5 meter) het met 'n persoon met koronavirus.

**2. MASKERS**

Maskers is wel afgeskaf, maar indien jy enige verkoue simptome het, is dit soms belangrik om maar die ou masker uit die kas te haal en op te sit. Dit is maar net om jou medemens te beskerm……al is dit net 'n doodgewone verkoue. Jy sal verhoed dat jou medemens dit opdoen……




**Wat moet ek doen indien ek moontlik met 'n besmette persoon in aanraking kom?**
**Hou uself afgesonder en kontak u geneesheer telefonies.**

**Kontak: General Public Hotline: 0800 029 999**

**Maandae – Vrydae vanaf 08:00 – 16:00**

Die 5de September was dit Sekretaressedag en DROOM het vir Debbie Adams die siekeboeg sekretaresse verras met 'n pragtige ruiker. Ek wil net namens al die bestuur, verpleegpersoneel en inwoners Debbie hartlik bedank vir al die harde werk wat sy doen. Sy het altyd 'n glimlag op haar gesig en is altyd bereid om almal te help.







Met DROOM se Algemene Jaar vergadering het ons die "DRUG" (Diensbaarheid, Rentmeesterskap, Uitnemendheid en Geregtigheid) toekenning aan Elna Saayman toegeken. Al het Elna ons diens einde Julie verlaat het ons steeds die toekenning aan haar gegee. Elna het uitstekende werk gelewer die afgelope boekjaar. Sy was altyd bereid om die ekstra myl te loop vir die bejaardes. Selfs in haar aftyd het sy soms ingekom om vir die bejaardes inkopies te doen of beltyd op hulle foon te sit. Baie dankie Elna vir al jou jare onbaatsugtige diens wat jy by DROOM gelewer het. Die inwoners en jou kollegas gaan jou teenwoordigheid mis.


Elna Saayman

## World Alzheimer's Day 21 September 2022:

## The Stages of Alzheimer's Disease








**Wat is Alzheimerssiekte?**

Alzheimersiekte is die mees algemene vorm van die siektegroep bekend as demensie. Demensie beteken 'n progressiewe afname in die vermoë om te onthou, te dink en te redeneer. Dit kom dikwels by bejaardes voor, maar jonger mense kan ook aangetas word. Die uiterlike tekens van demensie kan veroorsaak word deur 'n hele aantal verskillende siektes wat kan inwerk op die brein – die geheue, dink- en redenaar-orgaan.
Alzheimersiekte is een van hierdie breinsiektes.

**VERGELYKING TUSSEN 'N NORMALE EN ALZHEIMER BREIN**







## DEMENTIA

- Wat is Dementia?
- Groep simptome wat 'n negatiewe impak op die volgende het
  - GEHEUE
  - TAAL
  - PROBLEEM OPLOSSING
  - DENK VERMOË
  - KONSENTRASIE VERMOË
  - LOGIESE DENKE



## Nege Tipes Dementia

- Alzheimer se siekte
- Vaskulêre dementia
- Lewy body dementia
- Parkinson's
- Wernicke-Korsakoff (Alkohol dementia)
- Frontotemporale dementia
- Creutzfeldt-Jacob
- Huntington's siekte
- Veelvuldige dementia (persoon het meer as een tipe dementia)




## Beskrywing van Dementia's



**Alzheimers**

- Die algemeenste Dementia
- Progressiewe siekte toestand van die brein
- Veroorsaak stadige agteruitgang van die geheue en kognitiewe funksies
- Oorsaak is onbekend en geen genesing tot dusvêr



## Vaskulêre Dementia


- Tweede algemeenste oorsaak van Dementia
- As gevolg van veelvuldige klein beroertes in die brein
- Soms gebeur die klein beroertes ongesiens en die persoon toon geen simptome soos swakheid, verlies van sig of dooie gevoel in ledemate nie
- Persone met hoë bloeddruk of hart siektes mag 'n risiko wees vir Vaskulêre Dementia wees

# LEWY BODY DEMENTIA




- Dié tipe dementia word veroorsaak deur die abnormale ophoping van sekere proteïene in die neurone van die brein.
- Die primêre tekens van Lewy body dementia is vergeetagtigheid asook tekens van kognitiewe agteruitgang. Hallusinasies kan ook voorkom wat baie werklik vir die persoon voel.
- Sommige persone ontwikkel ook simptome wat soos Parkinson's lyk, met tremore (erge bewerigheid) en stadige beweging

# PARKINSON'S SE SIEKTE




# PARKINSON'S SE SIEKTE




- Veroorsaak fisiese simptome eerste.
- Probleme met kognitiewe funksie, wat vergeetagtigheid en probleme met konsentrasie later mag insluit.
- Soos die siekte met tyd erger raak, sal baie diegene ook dementia ontwikkel.
- Dit mag merkbare geheueverlies veroorsaak wat die behoud van verhoudings moeilik maak.




# KORSAKOFF SINDROOM (Alkohol Dementia)

**Korsakoff Sindroom**

- Presenteer in diegene met n lang geskiedenis van alkohol misbruik en daarom n tekort aan vitamien B12 ontwikkel.
- Breinselle kan nie normaal funksioneer nie en geheueverlies is die gevolg.
- Alhoewel dit in die algemeen voorkom in diegene wie alkohol afhanklik is, kan diegene wie aan chroniese wanvoeding ly ook geheueverlies ontwikkel

# STADIUMS VAN DEMENTIA




**Stadium 1**

Geen kognitiewe agteruit-gang

**Stadium 2**

- Ligte kognitiewe agteruit-gang

**Stadium 3**

- Matige kognitiewe agteruitgang bv. dementia aantasting met tye van geheueverlies, misplaas **daagliks items**

# STADIUMS VERVOLG

**Stadium 4**

- Matig na erge kognitiewe agteruitgang bv. swak **kort termyn geheue, vergeet persoonlike inligting en ondervind probleme met selfs elementêre berekening**(die stadium duur gewoonlik die langste)



# STADIUMS VERVOLG



**Stadium 5**

- Matig tot ernstige kognitiewe agter-uitgang bv. **toenemende probleme met beplanning**, **organisering, orientasie en, sal waarskynlik nie langer alleen kan bly nie.**

**Stadium 6**

- Ernstige kognitiewe agteruitgang bv. **ondervind probleme met herkenning van familie en vriende en geheueverlies neem toe**

## STADIUMS VERVOLG

**Stadium 7**

- Baie ernstige kognitiewe agteruitgang.
- Hierdie is die **finale stadium van dementia.**
- **Ligaamlike sisteme gaan agteruit, en kommunikasie is beperk.**



## TEKENS EN SIMPTOME IN DIE VROEë STADIUMS VAN DEMENTIA

**1. Geheue probleme**

Voorbeelde van die vroegste en bekendste tekens:

- A persoon mag glad nie enige onlangse gebeure onthou nie en/of verloor gereeld items soos sleutels en brille.
- Geheueverlies is dikwels die eerste en hoof simptoom van **Alzheimer's**
- Dit is ook teenwoordig in vroeë Vaskulêre dementia en Lewy body dementia.





## KENS EN SIMPTOME VERVOLG.

**2. Ondervind probleme om dinge deur te dink en beplanning te doen**

- Die persoon mag maklik deurmekaar raak en byvoorbeeld dit moeilik vind om te beplan, kompleks besluite te maak of probleme op te los m.b.t. Finansies ens.

**3. Taal en kommunikasie**

- Die persoon mag sukkel om die regte woord tydens gesprekvoering te vind of, kan nie die gesprek volg nie. Spraak kan ook geaffekteer wees indien die persoon 'n beroerte gehad het.

## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG



**4. Oriëntasie**

- 'n Persoon mag die vermoë verloor om eie omgewing te herken en sal verdwaal, selfs in 'n plek wat bekend is.

**5. Visueel-perseptuele probleem**

- (afwyking in visuele persepsie verwys na die onvermoë om sin te maak van die informasie wat deur die oë ingeneem word.)
- Afwyking met visuele prosessering affekteer hoe visuele informasie interpreteer word deur die brein.

## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG.

- Veroorsaak probleme met die skat van afstand - bv. met die gebruik van trappe.
- Kom meer gereeld voor in vroeë stadium van Alzheimers en Lewy body dementia as vaskulêre Dementia.
- Probleme met visuele persepsie verskil van visuele hallusinasies wat 'n kenmerk is van Lewy body



## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG .



6. Verandering in gemoed en emosies
   - Die persoon is meer angstig, bang of hartseer en gevolglik 'n risiko vir depressie.
   - Irritasie is ook meer algemeen - moontlik uit frustrasie oor verlore bevoegdheid – raak ook maklik ontsteld
   - Onttrek sosiaal, verloor belangstelling in mense en stokperdjies a.g.v. geen selfvertroue.
   - Verandering in gedrag is nie vreemd in vroeë dementia nie. Mag ook impulsief optree en empatie met ander verloor.
   - Opmerklike fisiese verandering op die stadium neig meer na die met Dementia met Lewy bodies, waar probleme met beweging dieselfde is as Parkinson's. Sou 'n persoon met vaskulêre of veelvuldige dementia ook 'n beroerte kry, kan dit ly tot swakheid van ledemate op een kant.



## KENS EN SIMPTOME VERVOLG.

**2. Ondervind probleme om dinge deur te dink en beplanning te doen**

- Die persoon mag maklik deurmekaar raak en byvoorbeeld dit moeilik vind om te beplan, kompleks besluite te maak of probleme op te los m.b.t. Finansies ens.

**3. Taal en kommunikasie**

- Die persoon mag sukkel om die regte woord tydens gesprekvoering te vind of, kan nie die gesprek volg nie. Spraak kan ook geaffekteer wees indien die persoon 'n beroerte gehad het.

## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG



**4. Oriëntasie**

- 'n Persoon mag die vermoë verloor om eie omgewing te herken en sal verdwaal, selfs in 'n plek wat bekend is.

**5. Visueel-perseptuele probleem**

- (afwyking in visuele persepsie verwys na die onvermoë om sin te maak van die informasie wat deur die oë ingeneem word.)
- Afwyking met visuele prosessering affekteer hoe visuele informasie interpreteer word deur die brein.

## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG.

- Veroorsaak probleme met die skat van afstand - bv. met die gebruik van trappe.
- Kom meer gereeld voor in vroeë stadium van Alzheimers en Lewy body dementia as vaskulêre Dementia.
- Probleme met visuele persepsie verskil van visuele hallusinasies wat 'n kenmerk is van Lewy body



## TEKENS EN SIMPTOME VERVOLG .



6. Verandering in gemoed en emosies
   - Die persoon is meer angstig, bang of hartseer en gevolglik 'n risiko vir depressie.
   - Irritasie is ook meer algemeen - moontlik uit frustrasie oor verlore bevoegdheid – raak ook maklik ontsteld
   - Onttrek sosiaal, verloor belangstelling in mense en stokperdjies a.g.v. geen selfvertroue.
   - Verandering in gedrag is nie vreemd in vroeë dementia nie. Mag ook impulsief optree en empatie met ander verloor.
   - Opmerklike fisiese verandering op die stadium neig meer na die met Dementia met Lewy bodies, waar probleme met beweging dieselfde is as Parkinson's. Sou 'n persoon met vaskulêre of veelvuldige dementia ook 'n beroerte kry, kan dit ly tot swakheid van ledemate op een kant.

## Middel stadium van dementia



**1. Simptome van middel stadium dementia**

- Bestaande probleme met geheue en denke sal erger word in die middel stadium.
- Herkenning van familie en vriende sal moeiliker raak. Mag bekendes as vreemdelinge aansien.
- Die onthou van nuwe inligting sal ook moeiliker raak. Dit mag veroorsaak dat die persoon dieselfde vrae oor en oor vra.

## Simptome van middel stadium vervolg.

2. Die manier waarop die persoon taal gebruik of praat sal waarskynlik swakker word.
   - Sal moontlik dit moeilik vind om die regte woord te vind en selfs ophou praat in die middel van 'n sin. Kan dit ook moeiliker vind om 'n gesprek te volg.



**Simptome in middel- stadium dementia - vervolg.**

**3. Probleme met oriëntasie raak ook ernstiger**

- Raak deurmekaar m.b.t. die tyd van die dag bv. sal opstaan in die middel van die nag en aantrek.
- Mag deurmekaar raak tov. plek en tyd, selfs in hul eie huis.



## Simptome middel-stadium dementia vervolg.



**4.** Simptome van apatie, depressie en angs sal waarskynlik voortgaan

**5.** In die stadium kan die persoon goed glo wat nie waar is nie **(delusies).** Hulle voel gereeld dat iemand hulle wil seermaak of 'n persoon nie vertrou kan word nie (paranoia).

- Dit is baie algemeen dat die persoon glo iemand steel hul besittings of hul eggenoot is ontrou.

## Simptome van middel-stadium dementia vervolg

6. **Persoon mag ook dinge begin hoor en sien wat nie daar is nie(hallusinasies).**
   - Dit is meer algemeen in die middel stadium van Alzheimer's as in vaskulêre dementia. (Visuele hallusinasies is 'n simptoom in vroeë stadium van dementia with Lewy bodies.



## Simptome van middel-stadium dementia vervolg.



- Verandering soos die verduidelik gedeeltelik hoekom 'n persoon sukkel met hul emosies.
- Mag maklik ontsteld, bang of kwaad raak – en vinnig van een na die ander emosie oorslaan.
- Dit mag 'n reaksie wees op die verlies van onafhanklikheid, die verkeerde interpretasie van 'n situasie of, frustrasie omdat hulle nie hul behoeftes bekend kan maak nie

## Gedrags verandering in middel - stadium dementia

**Algemene veranderings in alle tipes dementia in middel stadium sluit in:**

- **Agitasie en rusteloosheid** – bv. vroetel, op en af stap
- **Skree en fisiese aggressie toon**
- **Herhalende gedrag/bewegings** – bv. aanmekaar aan klere trek, 'n kledingstuk uitrafel of dieselfde vraag oor en oor vra
- **Aanhoudend 'n personeellid/versorger agtervolg** (trailing) of heeltyd kyk waar hulle is
- **Versteurde slaap patroon** – slaap word veral onderbreek in a persoon met dementia with Lewy bodies
- **Verloor inhibisies** – bv. onvanpaste goed sê en doen bv. uittrek in die openbaar



## Gedrags verandering in middel stadium dementia-vervolg.



- Persoon mag meer geagiteerd, aggressief of deurmekaar wees in die laat middag/skemer – staan as 'sundowning' bekend. Die gedrag is soms omdat die persoon 'n spesifieke, fisies of psigies behoefte het bv. honger of verveling wat nie vervul word nie

## Fisiese verandering in middel stadium dementia

- In alle tipes dementia, kan probleme met toilet gebruik in die stadium begin.
- In dementia met Lewy bodies, sal probleme met mobiliteit waarskynlik erger word
- ‘n Persoon se stap raak stadiger en minder stabiel. Dit verhoog val risiko.



## Later stadium van dementia



- Persone sal in die stadium uiteindelik voltydse sorg benodig tov. daaglikse lewe soos bad, aantrek en etes.
- Ongeag die tipe dementia wat die persoon het, is hul gemiddelde lewens verwagting laer .
- ‘n Verskeidenheid simptome sal waarskynlik vir die persoon aansienlike uitdagings bied in die stadium maar, verandering in persepsie en fisiese probleme sal die opmerklikste wees.
- Teen die laat stadium van al die dementia tipes is die tekens almal baie dieselfde. Die later stadium van dementia is gewoonlik die kortste. Gemiddeld is dit twee jaar.

## Simptome van later-stadium dementia



1. **Geheue probleme**
   - Alle persone met later stadium dementia se kort termyn geheue sal ernstig ingekort wees.
   - Hulle sal dikwels dink dat hulle in ‘n jonger periode van hul lewe is. (bekend as ‘ time shifting ’).
   - Dit kan moeilike situasies veroorsaak bv., as hulle iemand wil sien of soek wie reeds dood is. So ook kan hulle nie meer familie, bekende plekke en alledaagse items herken nie.
   - ‘n Persoon mag ook nie meer hul eie beeld in ‘n spieël herken nie en bv. glo daar is iemand in die kamer.

## Simptome van later stadium dementia



**2. Probleme met taal**

- Indien ‘n persoon meer as een taal magtig is sal hulle na alle waarskynlikheid die taal wat later aangeleer is verloor.
- Uiteindelik sal hulle net hul moedertaal onthou maar selfs die sal later verlore raak of net uit ‘n paar woorde bestaan. Al hoe minder woorde sal in geheel verstaan word.
- In die stadium sal handgebare, gesig uitdrukking en liggaamstaal nog moontlik verstaan word. Hulle sal nie - verbale kommunikasie gebruik om hul emosies uit te druk nie bv., huil, aggressief optree.

## Simptome van later-stadium dementia

**3. Veranderings in gemoed, emosies en persepsie,**

- Verandering in gemoed bly teenwoordig in die stadium
- Depressie en apatie is besonders algemeen.
- Delusie en hallusinasies (veral sig en gehoor) bly die algemeenste simptome van die stadium
- Persone is nie altyd angstig nie maar dit kan sommige verandering in gedrag verduidelik omdat die persoon se persepsie van realiteit verander.
- Diegene in later stadium dementia reageer meer op sintuie soos proe, reuk en gevoel as woorde. Mag graag na musiek luister of geniet om teksture te voel– soos verskillende materiale.



## Simptome van later-fase dementia

4. **Verandering in gedrag:**

- Die verandering in gedrag tydens die middel fase kan ook in die later fase voorkom. Aggressiein die later fase van dementia is dikwels in weerstand van persoonlike sorg.
  - Die persoon slaan of stoot die versorger weg of skree op die versorger. Die rede hiervoor is dat die persoon met dementia bedreig, bang of deurmekaar voel.
  - Rusteloosheid is ook baie algemeen. Soms lyk dit asof die persoon iets of iemand soek.

## Simptome in later-fase dementia

5. **Fisiese uitdagings in die later fase van dementia**

- Die fisiese veranderings in die later fase van dementia is een van die redes hoekom die persoon meer ondersteuning nodig het tov. daaglikse lewe.

**Tydens die fase mag die persoon:**

- Stadiger, later skuifel skuifel en dan al minder stapuiteindelik sal hulle bed stoel/bed gebonde en dan, bedlêend raak.
- Risiko vir val sal toeneem.
- Gewig verloor omdat hul nie eet nie en sal gehelp/gevoer moet word.
- Probleme met sluk ondervind.
- Beheer oor liggaamlike funksie verloor en inkontinent raak blaas en derm.
- Die afname in mobiliteit verhoog die risiko vir infeksies, drukseer en bloedklonte. Dit is ernstig en daarom moet die persoon ondersteun word om so lank as moontlik mobiel te bly.

"Kindness
unlocks doors that
were thought to be closed forever
"

Anonymous

"Remember no storm lasts forever.
Hold on!! Be brave,
Have faith
Every storm is temporary
and we are never alone"

**Tot 'n volgende keer….. wees lief vir jou naaste!**


**Sr Linda Botha**

## HCBC Projek (Home Community Base Care)

**Mediese kalender 2022 (September - Desember)**
Belangrike dae om in gedagte te hou:


SEPTEMBER:
- Bloedkanker bewusmakingsmaand
- Bewusmaking van prostaatkanker
- Alzheimer bewusmakingsmaand

02 September: Loslitdag
21 September: Wêreld Alzheimersdag




24 September: Erfenisdag



OKTOBER:

- Geestesgesondheid-bewusmakingsmaand
- Vrouegesondheid – **borskanker bewusmaking**




- Oogsorgmaand

01 Oktober: Internasionale dag vir Ouer Persone




10 Oktober: Wêreld Geestesgesondheidsdag
12 Oktober: Wêreld Artritisdag
20 Oktober: Wêreld Downsindroomdag
29 Oktober: Wêreld Beroertedag

NOVEMBER:

- Prostaatanker bewusmakingsmaand
- Diabeet oogsiekte-maand
- Blaasgesondheidsmaand

14 - 19 November: Wêreld Diabetesweek




25 November – 10 Desember: 16 dae van aktivisme teen mishandeling van vroue en kinders

DESEMBER:

- Velkankerbewusmakingsmaand

01 Desember: Wêreld VIGS dag
03 Desember: Internasionale dag vir persone met gestremdhede



## Gedurende Droom se AJV wat op 5 September gehou is, is die volgende toekennings aan die HCBC-span toegeken:

Vir die 2021/2022 boekjaar het Pearl Adams van Riversdal die toekenning vir volgehoue, onbaatsugtige diens ontvang – Die Ekstra Myl trofee. Pearl het April 2019 by die HCBC-span aangesluit en is aangewys as die skakelpersoon tussen die kliniek en gemeenskap om die teikengetal vir MMC's op koers te hou. Vanaf werwing, die dag met die prosedure en met nasorg stap sy die ekstra myl met die pasiënte.




Monica Jansen van die Riversdalspan ontvang die toekenning vir 5 jaar diens sonder om afwesig te wees. Betsie van Noordwyk, Beheerraadslid, het die toekennings oorhandig.



Drie van die gemeenskapswerkers het elk die toekenning vir 15 jaar diens gekry. Hannelise Francies (1ste foto), Mary Jacobs (2de foto) en Venita Fielies was deel van die handjie vol CHW's wat in 2006 by die "EU-projek" aangesluit het. Die projek is intussen deur Departement Gesondheid oorgeneem en het tans 33 personeellede.








Gedurende die 15 jaar diens het die 3 dames hulself bewys as leiers, omgee-mense wat graag hulle gemeenskap dien en ook hulle kollegas respekteer.

Die CHW's het in hul onderskeie dorpe 'n veldtog geloots om inligtingsessies te hou vir bewusmaking van borskanker. Tydens tuisbesoeke is demonstrasies gehou om gemeenskaplede te leer om borsondersoeke te doen en inligtingsessies is in groepe aangebied.








Wêreldborsvoedingweek, wat elke jaar in die eerste week van Augustus gevier word, moedig mense van alle kringe aan om deel te word van die ketting wat borsvoeding ondersteun. Die Wêreldgesondheidsorganisasie beveel uitsluitlik borsvoeding aan vir die eerste ses maande van ‘n baba se lewe en deurlopende borsvoeding tot op twee jaar of langer. Borsvoeding hou talle gesondheidsvoordele vir ma en baba in en is ook ‘n belangrike bron van voedselsekerheid vir gemeenskappe reg oor die wêreld. Heidelberg en Riversdal se CHW’s het ook gedurende Borsvoedingweek bewusmaking vir die voordele van borsvoeding gedoen.









Lente-groete

Melody Veldsman (HCBC Projek)

**HERE HELP MY, EK COPE NIE MET MY VERLIESE NIE!**

Verliese is aan die orde van die dag en ons word op ‘n gereelde basis met ons verliese gekonfronteer. Of dit die dood van ‘n geliefde is, egskeiding, afdanking, verkoop van jou huis waarin jy al soveel jare woon, of wanneer jy dalk verskuif word van jou kamer in die tehuis na die siekeboeg - verliese kan op verskeie maniere aan ons lewensdeure kom klop. Die realiteit is dat ons elkeen op die een of ander manier met ‘n verlies gekonfronteer gaan word.

Die waarheid is dat elke mens sy/haar verliese op ‘n ander manier hanteer. Daar is nie ‘n regte of verkeerde manier hoe jy jou verlies of hartseer daaroor hanteer nie. Party “cope” en ander “cope” moeiliker. Ek sien dit in my omwandelinge tussen ons inwoners hoe daar op verskillende maniere gepoog word om met hul verliese en hartseer te deel.

Die “slim” mense vertel jou dat hartseer die natuur se manier is om met jou verliese te deel. Hartseer is die emosionele lyding wat jy voel wanneer jy iets of iemand “verloor” het.

Daar is verskeie reaksies op verlies en dit kan wissel tussen woede en hartseer wat weer daartoe kan lei dat die individu nie kan slaap of eet nie. Hoe meer intens die verlies hoe meer intens die reaksie op die verlies.

Die vraag is egter hoe kan ons “gesond/sterk” raak en weer aanbeweeg met ons lewens, want soms lyk die verlies so groot dat ons wonder of ons weer sal kan voortgaan. Dis dan wanneer ons soms uitroep: “Here help my, ek cope nie!”

Die Here is egter getrou en kom baie naby aan ons in tye van verlies. Die Bybel kom leer ons aan die hand van die lewe van die Apostel Paulus wanneer hy sy vryheid verloor.

Paulus kom juis en bevestig dat God ons Trooster is midde in ons verlies.

2 Korinthiërs 1: 3-5 “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking (verliese), sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word. Want soos die lyde van Christus oorvloedig is in ons, so is ons troos ook oorvloedig deur Christus.”

Die karakter van God is om te troos. Dit is dan juis een van die take van die Heilige Gees in ons lewens en Hy staan dan ook bekend as die Trooster. God weet dat ons soms hartseer is, alleen is, mismoedig is, ongelukkig is en dat ons nodig het om vertroos te word.

Paulus gebruik dan sy eie belewenis van verlies en hoe hy deur God vertroos is om dan nou ook weer ander te troos.

Daarom is dit nodig om deel van ‘n groter gemeenskap van gelowiges te wees. Almal van ons het al op een of ander manier verliese ervaar en het nou die geleentheid om hulle wat om ons is en deur moeilike tye van verlies worstel by te staan en te vertroos uit ons eie ervaring.

Ons het egter nodig om sensitief te wees vir ander se verliese en mekaar by te staan en te vertroos wanneer nodig.

Hoe vertroos God my as ek uitroep, Here help, ek cope nie met my verliese nie?

Wanneer my medemens by my kom stilstaan en my kom bemoedig en vertroos!

1 Thessalonisense 5:11 "Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op,...."

Die betekenis van die woord bemoedig in die Bybel is om sterk te maak. Verliese, soos ons gesien het, het die vermoë om ons heeltemal af te breek en swak te maak met nadelige gevolge.

Troos en bemoediging is soos 'n bouer wat weer die vervalle mure van 'n gebou opbou en versterk. Hierdie is 2 Bybelse begrippe wat baie noodsaaklik is in ons alledaagse bestaan. Kom ons fokus opnuut daarop om troosters en bemoedigers te wees - met die hulp van die groot Trooster.

Tussen 1652 en 1866 was daar 'n besonderse beroep aan die Kaap naamlik Sieketroosters. Dit was persone wat die mense van daardie tyd gehelp het met hul geestelike en fisiese uitdagings terwyl daar nie 'n voltydse predikant beskikbaar was nie.

Maak nie saak of dit in Paulus se tyd was, of in Jan Van Riebeeck se tyd nie, of dan nou in ons moderne era nie, die mens het nog altyd die behoefte aan 'n trooster/helper gehad.

Of jy dan troos nodig het en of jy iemand tot troos kan wees, weet altyd dat God en Sy Heilige Gees ons Trooster is. Verliese is so oud soos die mensdom self en almal het nodig om een of ander tyd vertroos te word.

Kom ons laat God en mekaar toe om naby aan ons te kom in tye van verlies sodat ons weer sterk gemaak kan word.

JOY IS NOT NECESSARILY THE ABSENCE OF SUFFERING. IT IS THE PRESENCE OF GOD.


–UNKNOWN-

Met seën en liefde.

Riaan Bernardo

Maatskaplike dienste

& Geestelike versorging



# DROOM se Algemene Jaarvergadering 2022

Om vergaderings by te woon is meeste van die tyd vir meeste van ons nie ‘n lekker vooruitsig nie, maar ek dink nogal ek kan met redelike sekerheid sê dat meeste van ons anders voel oor DROOM se Algemene Jaarvergaderings.

Vandat die kennisgewings van die jaarvergadering in die Suid-Kaap Forum en op die kennisgewingborde verskyn het, het persone wat dit wou bywoon hul gratis kaartjies, om hul sitplekke te verseker, by DROOM-kantoor kom haal. Ongelukkig is daar beperkte sitplek in DROOM se saal en moes heelwat persone teleurgesteld omdraai. Dit is te verstane dat mense na die verskillende vlakke van Covid-inperkings, inentings en alles wat nog met die Covid-pandemie saamgegaan het, lus is vir lekker saamkuier.
Algemene Jaarvergaderings vir die 2019/2020- en die 2020/2021-boekjare moes as gevolg van die Covid-pandemie virtueel deur middel van zoom gehou word. Ja, vir twee jaar in ‘n ry was die jaarlikse lekker saamkuier by DROOM se Algemene Jaarvergaderings nie toelaatbaar nie.

Charlene van Wyk het weer, soos in die verlede, heel op haar eie DROOM se saal versier. Sy pluk elke keer ‘n ander haas uit die hoed en elke keer kry sy dit reg om DROOM se saal in ‘n sprokiesparadys te verander.
Die vergadering het om 18:00 begin – dit was ‘n redelike koel aand, maar dit het niemand gepla nie, want daar was sjerrie om vir ‘n bietjie warmte van binne-af te sorg.
Die presensielys toon dat 68 persone die vergadering bygewoon het en ja, daar was hierdie jaar, net soos in die jare voor Covid, ‘n gesellige atmosfeer in die saal, maar hierdie jaar was daar iets anders ook. Ek het eers gedink dit was opgewondenheid omdat daar twee gassprekers was, maar nee. Ek weet nie presies wat dit was en hoe om die “gevoel” te beskryf nie - dalk ‘n gevoel van samehorigheid, kameraadskap of sommer net liefde en omgee, want sien, net so ‘n paar weke tevore het daar in die vroeë oggend-ure ‘n brand in Tehuis Ou Meule uitgebreek. Dit was skrikwekkend, maar sedert daardie nagmerrie-ure is DROOM oorweldig deur die goedheid, meelewing en hulp van die gemeenskappe van Riversdal en omliggende dorpe. Dit is asof almal nou meer as voorheen besef hoe afhanklik ons van mekaar is. Dit is ongelooflik hoe almal net ingespring en gehelp het.
Alhoewel almal wat gehelp het om die inwoners so gou moontlik uit die brandende gebou te kry, helde is, kon DROOM nie anders nie as om mnre Voss en twee van die brandweermanne uit te nooi om aan hulle sertifikate van verdienstelikheid te oorhandig vir die uitmuntende wyse waarop hulle tydens die brand opgetree het.
Mnr Veldsman het die geleentheid gebruik om weereens DROOM se dank te betoon aan ieder en elk wat gehelp het en steeds help sodat alles so gou moontlik na “normaal” kan terugkeer. Op daardie stadium was die assessore se inspeksies nog nie afgehandel nie.
Mnr Jooste, voorsitter van DROOM se beheerraad en voorsitter van DROOM se finansiële komitee, het die vergadering ingelig oor DROOM se finansies van die afgelope boekjaar. Daar is so ‘n effense onsekerheid oor die uitgawes deur die brand veroorsaak, maar mnr Jooste voel gerus dat DROOM die mas sal opkom.
Mnr Veldsman het ‘n bietjie uitgebrei oor beplande projekte vir die komende maande. Die brand het sommige beplande projekte vir eers ‘n bietjie op ys geplaas, afhangend van wat die assessore bevind en watter skade deur die versekering uitbetaal gaan word.

Die toekenning van verdienstelike sertifikate en trofeë is elke keer 'n hoogtepunt van die jaarvergadering.  Hierdie jaar is erkenning aan die volgende werknemers, gegee:

- Geen afwesigheid van 2017 tot 2022 – Monica Jansen, 'n HCBC-werker.
- Tien jaar diens – Elfreda Heneke
- Vyftien jaar diens – Venita Fielies, Hannelise Francies en Mary Jacobs, almal HCBC-werkers.
- Bravo-toekenning word gedeel deur assistent-verpleegster Anna van der Spuy en mnr Riaan Bernardo.
- DRUG-toekenning – assistent-verpleegster Elna Saayman.
- Ekstra myl-toekenning – Pearl Adams, 'n HCBC-werker.
- Veldsman-toekenning vir uitstekende diens – mev Melody Veldsman.

Na die opwinding van die toekennings het Soekie, voorheen bekend in Christelike kinderbediening saam met Die Radikids, die vergadering vermaak met haar kitaar en sang.  Die kinders tree nie meer saam met haar op nie.  Sy en haar man woon tans in Stilbaai, waar hulle kom aftree het.
Na Soekie was dit Anthony Noble, 'n afgetrede onderwyser, se beurt. Hy verstom die aanwesiges met sy skildertalent – hy verander 'n skoon skilderdoek in 'n kunswerk binne net meer as twintig minute en bring terselfdetyd 'n geestelike boodskap van hoop.  Wat die kunswerk en Anthony se talent nog meer uniek maak, is dat hy slegs 'n 5cm gewone verfkwas en 'n paletmes gebruik vir die kunswerk. Hy het die voltooide kunswerk aan DROOM geskenk.
Dié aand van hoogtepunte kom tot 'n einde met heerlike sop en verskillende soorte brode wat deur Feedem voorberei en voorgesit was.

Riaan Bernardo doen so tussen die etery deur die bedankings voordat almal huiswaarts keer.










I AM
Fearfully
AND
MADE


**JARE SE HARDE WERK LAAT DIE WIELE ROL**.

Gedurende die afgelope paar jare is daar drie broodnodige rolstoele aan die inwoners van Ou Meule geskenk. Wat hierdie skenking so merkwaardig en uitsonderlik maak, is dat die dryfveer van die skenking, 'n tans Graad 8 skooldogter is. Dit móét 'n meisie met 'n storie wees en meneer Veldsman, bestuurder van DROOM, het my versoek om dié storie te gaan haal en te skryf.

Hy het my vooraf ingelig dat die meisie, Talia, nie lief is om in die kalklig te beweeg nie en dat sy sku is vir publisiteit. Sy het egter ingewillig dat haar storie in die Droomgenoot opgeneem kan word. Ek het 'n afspraak gemaak om haar en haar ouers in George te ontmoet.

By hulle huis het 'n meisie my by die voordeur verwelkom en ek dag eers dis dalk Talia se kleinsus, maar dit wás Talia. Vriendelik, borrelend en duidelik iemand wat gekies het om te LEWE! Sy het my aan haar ma gaan voorstel en dit het dadelik gevoel asof ons ou kennise was wat mekaar lanklaas gesien het.

Ek het haar vertel dat ek baie graag haar storie wou hoor en gevra of sy sou verkies dat ek 'n skuilnaam vir haar gebruik. Sy het spontaan gelag en gesê almal weet wie sy is. "Ek wil net nie die 'doppiedogter' wees nie, want dit gaan nie oor my nie. Dit gaan oor die ontstellende nood van mense en elkeen van ons kan vir iemand 'n verskil maak."

Haar ma, Debby, het vertel dat sy van kleins af 'n lewenslustige, borrelende dogtertjie was wat goed aangepak het en met doelgerigtheid haarself uitgeleef het. Haar dogtertjiejare was louter vreugde vir haar ouers en oupa en ouma wat langs hulle bly. Sy het elke dag voluit geLEEF!

Nog voordat sy skool toe is, het sy by die biblioteek 'n advertensie gesien van 'n tannie wat doppies insamel om haar in staat te stel om vir iemand 'n rolstoel aan te koop. Dit het haar aangegryp en sy het daar en dan ingespring om doppies te versamel om die tante te help. Dit het 'n onblusbare vlam in haar hart aan die brand gesteek.

En toe's sy skool toe en daar het sy met die intrapslag, met die samewerking van haar juffrou, haar eie plastiek doppieprojek begin loods om plastiek proppe en doppies te versamel. Haar droom het haar in haar hart gegryp en met groot entoesiasme het sy ander inspireer en die voortou geneem om die doppieprojek te laat werk en uit te brei.

Dit was nie 'n ligte takie nie. Vir een rolstoel moes 450 kg (80 groot plastiek vullissakke) doppies versamel word. 'n Klein Graad 1 dogtertjie het na vore getree en met die ondersteuning van haar juffrou en die adjunk-hoof, wat in beheer van Landsdiens was, het sy ál sterker na vore getree en leiding geneem.

Toe sy in Graad 3 kom, is daar vergadering gehou en die hantering van die hele doppieprojek het haar verantwoordelikheid geword. Die plaaslike koerant het daarvan te hore gekom en toe 'n artikel oor Talia se onblusbare geesdrif vir die projek geplaas. Ja en toe word die skoolprojek binne dae 'n dorpsprojek.

Dag en nag is sakke en sakkies doppies oor hulle muur op die grasperk en selfs in die tuin gegooi. "Dit het 'n ontsaglike werk geword!" het Debby gesê. "Elke doppie moes

gewas word en Talia het vir jare elke dag van haar lewe doppies gewas. Dit was die vereiste van die borg wat die rolstoel sou koop, die doppies moes skoon wees.” Talia het met blymoedigheid elke pak doppies gewas, want eendag sou daar genoeg doppies wees om vir ŉ rolstoel te betaal.”

Op Riversdal het suster Linda Botha, Hoof Verpleegkundige, van die projek te hore gekom en vir Talia gevra of sy vir Ou Meule Tehuis ŉ rolstoel sou skenk as personeel, inwoners en hulle familie sou help om doppies in te samel. Die aanbod is geesdriftig aanvaar en Talia is verder aangevuur omdat daar toe ŉ spesifieke doelwit voor oë was.

Die blye dag het aangebreek toe daar genoeg doppies ingesamel was dat die rolstoel gekoop kon word. Reëlings is getref en Talia was by Ou Meule toe die rolstoel oorhandig is. Sy het die verswakte bejaardes persoonlik ontmoet en met hulle gesels.

Sy vertel dat dit vir haar ŉ onbeskryflike ervaring was toe sy besef het dat haar passie nie verniet was nie en dat haar droom om vir iemand ŉ verskil te maak, bewaarheid was. Dit wat vir jare ver weg was het eensklaps werklikheid geword. 80 groot vullissakke vol skoongewaste doppies en vasbyt en aanhou het betaal vir ŉ rolstoel om verswakte bejaardes ŉ ekstra stuk lewensvreugde te gee.

Op daardie dag het sy belowe om vir nog twee rolstoele te werk. Die vreugde om te sien wat dit vir die bejaardes beteken, het die vuur van haar passie om ŉ verskil vir mense te maak, nog hoër laat brand. Niks kon haar entoesiasme stuit nie en aan geesdrif het niks ontbreek nie.

Ná sewe jare, op Laerskool, se toewyding en harde werk is dit voortgesit toe sy Hoërskool toe is, maar toe beland ŉ lelike stok in die speke toe haar borg vir die doppieprojek kop uittrek. Dit was seker die ideale tyd om te verklaar: “Nouja, genoeg is seker genoeg. Ek het my kant gebring.” Maar nee, sy het ŉ belofte gemaak: Nog twee rolstoele vir Ou Meule.

Sy het haar liewe pa en ma, wat haar deur al die jare deur dik en dun bygestaan en geleenthede geskep het, ingetrek om plan te maak. “Ek kan nie nou kop uittrek nie. Ek het ŉ belofte gemaak wat ek nie mag breek nie.”

Haar pa het haar hart gesien en toe kom hy met ŉ voorstel dat hulle ŉ fonds insamelingsgeleentheid moet reël. “Kom ons reël en organiseer ŉ groot Dymoday! (Dis ŉ geleentheid vir petrol- en dieselkoppe wat mal is oor verhoogde en maksimale werkverrigting van enjins in hulle vuurwaens en ander rygoed.)

Talia het vlam gevat en spreekwoordelik voet in die hoek gesit! Hulle het haarfyn beplan en die belangstelling het alle verwagtings oortref. Van heinde en verre het belangstellendes ingeskryf en intussen is borge vir pryse uitgesnuffel.

Dit was ŉ reuse sukses en daar was geen parkeerplek in die omgewing te vinde nie. Tussen al die baie mense was ŉ blinkoog tienerdogter met ŉ passie om ŉ verskil te maak vir mense waar dit die nodigste is. En tussen al die mense was ŉ pa, ŉ ma, ŉ oupa en ŉ ouma wat ŉ dogter se drome en visie vlerke gee.

Die dag se inkomste was genoeg om vier rolstoele te kon aankoop. Sy het haar belofte nagekom en nog twee broodnodige rolstoele is met liefde en blydskap by Ou Meule afgelewer. En, het sy gesê: “Dis nie die laastes nie!”

Oor haar akademiese, sport en kulturele deelname en prestasie sou ek nog baie kon skryf, maar ek het belowe ek sal nie, want het sy gesê: "Oom, dit gaan nie en moet nóóit oor my gaan nie, want ons almal kan dit doen. Dit gaan oor ander mense wat in nood verkeer en vir wie ek én ander 'n verskil kan maak.

99 uit 100 maak geen verskille nie. 1 uit 100 maak 'n verkil. Wat weeg die meeste?

1 uit 100 gee om. 99 uit 100 gee nie om nie. Watter een maak 'n verskil?

Dit laat my dink aan die man wat gereeld seesterre in die see teruggegooi het. 'n Ander man het spottend vir hom gesê dat hy sy tyd mors. Wat van al die ander wat in die son verdroog? Die man het 'n seester opgetel en glimlaggend gesê: "Vir hierdie één gaan ek 'n verskil maak." En toe gooi hy die seester terug in die diep water.

Dis Talia se hartewens dat ons verby haar sal kyk en die dankbare, glimlaggende bejaardes in rolstoele sal raaksien. Ons sien haar egter ook raak, al kruip sy weg. Dankie Talia, en jou familie, wat jou help om jou drome vlerke te gee en waar te maak.




**Tata Japie**

Liewe, liewer, dankbare Japie –
Jy is vry ………..
Nie meer vasgevang in jou aardse dop,
waarin jy so lank vasgevang was nie.
Ek is seker jy kon verstaan presies wat vir jou gesê word.
Ek onthou die uit-jou-maag-uit lag
as ek vir jou gesê het: "Ek kom kyk waar die girls is wat jy onder jou bed wegsteek."
Ek het ook besef hoe frustrerend dit vir jou moet wees om nie jou gevoelens te kon verwoord nie.
MAAR die grootste wonder vir my was en is steeds dat jy van alle woorde wat daar bestaan slegs BAIE DANKIE in jou woordeskat oorgehou het. Dat daai twee woorde en 'n aansteeklike lag al was wat jou stembande toegelaat het.
Ek glo daai twee woorde het gesorg dat baie mense sommer dadelik nadat hulle jou ontmoet het, lief geword het vir jou.
Ek onthou hoe Bobby van Jaarsveld tydens die verfilming van hulle televisieprogram met trane in sy oë uit jou kamer gekom het.
Sy woorde was: "Ek het nooit besef een mens kan so afhanklik van ander mense wees nie." MAAR, nie meer nie……..
Jy is nou vry …………
Jy sweef sorgeloos, jy sing saam met die engele, jy praat meer as twee woorde en lag nog lekkerder
as toe jy nog by ons was.

Ons kon nie totsiens sê nie –
Dis soos die stilte na die storm,
as die wind gaan lê.
Ons almal by DROOM mis jou.
Jy hoor ons nie meer nie,
want jy is vry ……..
Rus sag liewe,

liewe, dankbare Japie!



# Kontakbesonderhede

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

| | |
|---|---|
| DROOM: | 028 7132526 |
| E-Pos: | ontvangs@droomriversdal.co.za |
| Web: | www.droomriversdal.co.za |

**2021/2022-boekjaar**

**Personeel:**

| | |
|---|---|
| Uitvoerende Bestuurder: | Mnr CJ Veldsman |
| DROOM Ontvangs, Debiteureklerk en Personeel beampte: | Mev M Strydom |
| Finansiële beampte: | Mev MG Veldsman |
| Administratiewe beampte maatskaplike dienste-afdeling en Geestelike bediening: | Mnr CJ Bernardo |
| Hoof geregistreerde verpleegkundige: | Suster L Botha |
| Geregistreerde verpleegkundige: | Suster U van Niekerk |
| Ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster RH Ponto |
| Sosiale kreatiwiteitskoördineerder: | Mej R Benadé |
| Koördineerder van die Onderhoudsafdeling en Beroepsgesondheid en Veiligheid (OHS): | Mnr JH Esterhuizen |
| Sosiale media (Kaapstad): | Mev LA Veldsman |

**Home Community Base Care:** (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

| | |
|---|---|
| Administratiewe beampte: | Mev MG Veldsman |
| Koördineerder ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster C Malherbe |
| Nie-professionele koördineerder: | Mev M Jacobs |

**Etekaartjies:**

| | |
|---|---|
| Weeketes: | R50,00 |
| Sondagetes: | R60,00 |
| Spesiale etes: | Op aanvraag. |

**Gastekamer:** Word tans nie benut nie a.g.v. die Covid regulasies

**Respytsorg:** Opnames is gestaak tot verdere kennisgewing